PREDIKANT

Ds. Anton Dednam
060 996 7291
anton@gkrietvallei.co.za

SKRIBA
Ouderling Deon Venter
083 376 7523
skriba@gkrietvallei.co.za

DIAKONIE
Diaken Annamarie van der Merwe
083 264 0328
avdm2@mweb.co.za

OPERASIONELE BESTUURDER
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695
thomas@gkrietvallei.co.za

SUSTERS
Sr. Inneke Dednam
081 750 6468
gkrietvalleisusters@gmail.com

FINANSIES
Sr. Estelle Strydom
012 347 7362
fin@gkrietvallei.co.za

ADMINISTRASIE
Sr. Karen de Lange
012 347 7362
admin@gkrietvallei.co.za

KOSTER
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695

ORRELIS
Sr. Christine v. Helden
072 658 5664
christine@realaccounting.co.za

ELJADA
eljada@gkrietvallei.co.za

Eljada

Die Here voorsien

Vertel en Leef die Goeie Nuus

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

"Julle moenie aan hierdie wêreld gelykvormig wees nie, maar verander word deur die vernuwing van julle denke, sodat julle goed kan onderskei wat die goeie en aanneemlike en volmaakte wil van God is."
Romeine 12:2

8 November 2026

WOORDBEDIENING

OGGENDDIENS om 09:15

Psalm 103: 1 en 2

Psalm 116: 7 en 9

Psalm 110: 2 en 3

Psalm 40: 3 en 4

Skriflesing: 1 Petrus 4: 7-11;
1 Korintiërs 9: 16-17 (2020 Vertaling)

"10 As goeie bestuurders van die veelvoudige genade van God, moet julle mekaar bedien, in ooreenstemming met die genadegawe wat elkeen ontvang het: "

1 Petrus 4:10

Tema: Gewillig of onwillig; ons is geroep vanuit die genade van God.

WOORDBEDIENING

AANDDIENS om 18:00

Psalm 99-1: 1, 2 en 5
Psalm 45: 1, 5, 6, 9 en 10
SB 1-2: 1, 2 en 3

Skriflesing: Jesaja 6: 1-13
NGB, Artikel 29

" [1] In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here gesien. Hy het op 'n baie hoë troon gesit, en die onderste van sy kleed het die tempel gevul. [2] By Hom was daar serafs om Hom te dien. Elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy gesig bedek, met twee sy voete en met twee het hy gevlieg. [3] Die serafs het mekaar telkens toegeroep: "Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid."

JESAJA 6:1-3

Tema: Die Kerk is Geheilig vir God.

Ons bely in art 29 van die NGB dat dit maklik is om te onderskei tussen die ware en die valse kerk. Tog is dit nie altyd so maklik in praktyk nie. As 'n kerk waarlik kerk is, maar stelselmatig verval, dan was daar tog al die kenmerke van die ware kerk, maar nou is die bruidsrok besoedel. Die vraag is egter wat die kerk haar unieke eienskappe gee. Ons staan vanaand stil by die besondere roeping van die profeet Jesaja, in die lig van God heiligheid en die wyse waarop die kerk haar beklee as bruid.

ATTESTATE

Met attestaat verwelkom:
- ✝ Vanaf GK Hoëveld: **Br. Poon en sr. Magdaleen Grobler (A32)**
- ✝ Vanaf GK Magol: **Sr. Carissa du Plessis (A10)**
- ✝ Vanaf GK Lichtenburg: **Br. Philip en sr. Susan Buys (D19).**

Met reisattes terug verwelkom: **Sr. Nicola Jansen (A10)**

Die volgende lidmat/e het aangedui dat hulle, hulle vereenselwig met die leer, diens en tug van die GKSA en word met vreugde opgeneem:
- ✝ **Sr. Lusinda Maree asook Kim Celliers (D31).**

Verjaardae Meelewing

BAIE GELUK

Saam met elke lidmaat wat hierdie week verjaar, dank ons die Here vir nog 'n geseënde lewensjaar.

Sr. Annetjie Hoffman (A18) vier DV 09 November haar 80ste verjaarsdag En br. Naas van Zyl (A28) vier DV 13 November sy 85ste verjaarsdag

Ons bid vir hulle in besonder, maar ook vir elke lidmaat wat verjaar die Here se genade en vrede vir 'n vreugdevolle nuwe lewensjaar toe.

"Vind jou vreugde in die Here, dan sal Hy jou gee wat jou hart begeer" Psalms 37:4

BELYDENDE LIDMATE

08 Nov	Nico Coetzee	D09
09 Nov	Wietske Boon	A26
09 Nov	Annetjie Hoffman	A18
09 Nov	Doris Pieters	A26
09 Nov	Maretha Smit	D23
11 Nov	Sanette de Beer	A32
11 Nov	Tjaard Schaafsma	A16
11 Nov	Anje van Jaarsveld	D03
12 Nov	Bertie Naude	A16
12 Nov	Hendrik Prinsloo	A10
12 Nov	Willem van Emmenis	D01
13 Nov	Willem Kuperus	A10
13 Nov	Arend Pouwels	A26
13 Nov	Hendrik Snyman	A12
13 Nov	Nita van der Walt	A16
13 Nov	Naas van Zyl	A28
14 Nov	Helene Kruger	D33
14 Nov	Hendrik Kruger	D33

DOOPLIDMATE

10 Nov	Christian Boon	A26
11 Nov	Jacques de Meillon	D29
11 Nov	Jannelle Mellet	A22
12 Nov	Neyla Dirker	D13

Die volgende lidmate word aan die sorg van ons Here opgedra:

- Br. Louis en sr. Annemarie van Zyl (D01). Sr. Annemarie se broer (Ds. Theunis Potgieter) is 2 November oorlede.
- Br. Piet en sr. Marina van der Walt (D35). Hulle seun is Woensdag 4 November oorlede.
- Sr. Annatjie Steyn (A04) het gister geval en beserings aan haar gesig opgedoen. Sy sterk tans tuis aan, maar ervaar steeds heelwat pyn.

BAIE GELUK

Br. Karel en sr. Henriette Hubee (A32) het op 6 November hul 59ste huweliksherdenking gevier.

Inligting

Kollekte by deure vir die KERKKAS

Kollekte onder die diens gaan vir die barmhartigheids-diens van die diakens

Fondse in die kerkkas word gebruik vir die instandhouding van die erediens. Vandag is die laaste kollekte wat deur die kerkraad vir hierdie doel in 2026 goedgekeur is. Ons mikpunt vir 2026 is R100-00 per belydende lidmaat per maand.

Baie dankie vir u bydrae.

RIETVALLEI SE BANKREKENING-BESONDERHEDE

Kerkkas: Rekeningnommer: 34 9014 4306 Gebruik asb. verwysing: WYK VAN NAAM

Diakonie: Rekeningnr: 40 5113 8620

Susters: Rekeningnr: 40 9473 9097

Franse mediabediening: 40 4878 6755

Al die rekeninge is by ABSA-takkode: 632 005

8 - 14 November

Aktiwiteite hierdie week

VANDAG – 8 November

Skinkbeurt: Wyke: A26 en D25
Gr 8 - 12 Gesprek saam met ds. Anton

MAANDAG – 9 November

Pluimbal: 16:00 – 20:00
Bybelstudie vir jongwerkendes en studente: 18:30 (Kerkstoep)

DINSDAG – 10 November

Senior lidmate Bybelstudie: 10:00 (Moederskamer)
FK vergadering: 18:00 (Konsistorie)

WOENSDAG – 11 November

Ouderlinge vergadering: 19:00 (Saal)
Diaken vergadering: 18:30 (Konsistorie)

DONDERDAG – 12 November

Gemeente Bybelstudie: 09:00 (Saal)

VRYDAG - 13 November

Bybelstudie: Vroegoggendvolgelinge: 06:00 (Aanlyn)
Koinonia 17:00 – 21:00

BYBELVERSPREIDING

Borg-'n-Bybelprojek:

Die Bybelgenootskap se fokus is daarop om toeganklikheid te verskaf tot bekostigbare Bybels en Bybelse materiaal deur **vertaling, produksie,** en **verspreiding** — alles moontlik gemaak deur fondsinsamelingsprojekte. Een so 'n projek is die **Borg-'n-Bybelprojek** waar elke gelowige, groot en klein, 'n bydrae kan maak om bekostigbare Bybels aan minder bevoorregtes (finansieel, maar veral ook hulle wat nie toegang tot die Woord van God het nie) beskikbaar te kan stel.

Fondsinsameling vir die BGSA se Borg-'n-Bybelprojek word tot die einde van 2026 voortgesit.

Bybels vir graad 7-leerdersprojek: Hierdie projek van die Bybelgenootskap vorm deel van sy missionale Bybelverspreidingsprogram. GK Rietvallei skakel by hierdie projek van die Bybelgenootskap in en beplan om 25 Engelse en 25 Setswana Bybels aan kinders in GK Ramotse te skenk.

Hoe kan jy jou bydrae vir Bybelverspreidng doen?

† Daar is 'n houer met koeverte, pilbotteltjies en buisies op die rak in die portaal beskikbaar. Maak gerus gebruik hiervan vir jou bydrae vir Bybelverspreiding. (Elke botteltjie hou 20 R5-munte = R100)

† Doen 'n EFT in die kerkkas en merk die bydrae: "Bybelverspreiding" of "Borg-'n-Bybel".



Katkisasie 2026 - Asseblief en dankie!

Ons harte kyk met groot dankbaarheid terug na ’n katkisasiejaar vol genade en seën. Die jaar het soms baie “uit ritme” gevoel met die baie vakansiedae en verspreide vakansies, maar tog kon ons met groot vrug op ons gemeente se kinders se geloofslande ploeg. Weer eens dankie aan elke kategeet wat met ywer en entoesiasme elke les met sorg voorberei en aangebied het. Soos elke jaar staan ons verstom met die gawes wat aan Rietvallei toebedeel is. Aan God al die eer!

Dankie aan elke katkisant wat getrou voorberei en les bygewoon het. Dankie ook aan die ouers wat gehelp het met die voorbereiding en kinders gereed kry vir vroeg Sondagoggend-katkisasie. Ons bede is dat elke saadjie wat geplant is, ryklik mag vrug dra.

Sjané en Vian de Villiers wat die laerskoolkatkisasie admin so seepglad hanteer (selfs met ’n nuwe baba in die huis) - baie dankie vir al julle harde werk en moeite!

Dankie aan Karen de Lange in die kerkkantoor met die druk en bestel van die katkisasie-lesmateriaal, Anculien vir die klavierbegeleiding met die katkisasie-openinge, ouderlinge wat gereeld besoek afgelê het en gebede by die katkisasie-openinge, asook die koster Thomas Coetsee vir die vroeg oopsluit van al die lokale. ’n Reuse spesiale dankie aan Anneline Bester wat die ouers se saamkuier-koffie en beskuit bedien het - ons het groot waardering hiervoor.

Gesoek - kategete vir 2027

Ons benodig ’n hele paar kategete in verskeie grade vanaf gr R tot 11. Daar is tans reeds een kategeet per graad, maar soos ons gebruik by Rietvallei is, sal ons graag twee (of selfs meer by sommige jonger grade) kategete per graadgroep wil hê. As jy dus nuut is en nog nie opgewasse voel vir die taak nie, sluit steeds aan en kom woon die lesse by om te sien hoe dit werk of gedoen word. Niemand word by die diep kant ingegooi nie! Ons kategete leer baie by mekaar. Ek kan getuig dat katkisasievoorbereiding vir my eie geloofsgroei ontsettend baie beteken het. So deur van jou gawes te gee, ontvang mens in oormaat terug! As jy geroepe voel tot hierdie wonderlike dienswerk, of net daaroor wonder en meer wil uitvind, kom gesels asseblief met ons. Niemand is te oud of te jonk nie, enigiemand is welkom. Kontak gerus vir Gert 082 410 9922 en Lynelle 082 410 9923 vir alle grade oorhoofs of hoërskool. Vir laerskoolgrade, skakel gerus met Vian de Villiers 072 538 8870 of Sjané de Villiers 072 480 4285.

Katkisasie-afsluiting na die erediens

Ons gebruiklike roomys katkisasie-afsluiting vind vanoggend na die oggenderediens plaas. Ons gaan direk na die afloop van die erediens die kategete bedank en dan uit na die grasperk. Dit is vir alle laer- en hoërskoolkinders.

En hiermee sê ons baie dankie en totsiens vir hierdie jaar. Sien almal weer op DV Sondag 17 Januarie 2027 waar die nuwe jaar se katkisasie afskop. Geniet die laaste deel van 2026 en die welverdiende Desembervakansie.

Die katkisasiediensgroep

Inligting

Ds. Anton

Neem asseblief kennis dat ds. Anton tussen 9 tot 11 November slegs telefonies beskikbaar is.

Kontak asseblief gedurende hierdie tydperk u ouderling indien u enige hulp benodig.

Approbasie

Die volgende name word ter approbasie voorgehou:

Ouderlinge:

- Neels Labuschagne (A28)
- Derik Snyman (D33).

Vergaderings

25 NOV

Visitasie

DV Woensdag om 19:00. Lidmate wat met die visitatore wil praat, word versoek om dit asseblief skriftelik aan die skriba deur te gee.

R140
per eksemplaar

Almanakboek 2027

Bestel by die kerkkantoor. Betaal per EFT in die kerkkasrekening, gemerk:
Almanak + Van

RIETVALLEI 40

'Ons is SAAM deur die Gees afgesonder om God se verlossingsdade te verkondig.' 1 Petr. 2: 9 en 10

Ons onthou ons geskiedenis: 'n Foto-beeld van wat deur die jare in Rietvallei gebeur het.

Ons beplan om 'n **SharePoint-platform** te skep waar gemeentelede maklik digitale materiaal kan oplaai en deel.

Materiaal kan insluit:
foto's; video's; dokumente; herinneringe; ander historiese inligting.

Die materiaal kan deur die hele feesjaar gebruik word en in die feesblad/bundel gebruik word.

Vir die foto-argief word lidmate versoek om foto's uit die afgelope 40 jaar se aktiwiteite op die sentrale digitale argief te plaas of dit vir Diak. Wimpie Steenkamp (082 551 3910) of die kerkkantoor te stuur.

Die foto's kan daarna volgens verskillende kategorieë georganiseer word, byvoorbeeld: jaartalle; gemeentefunksies; kinderaktiwiteite; wyksaktiwiteite; feeste; kerkgeleenthede; ander belangrike gebeurtenisse.

Dit word dan as deel van die feesjaar uitgestal.

Baie dankie vir elke bydrae!





GK RIETVALLEI

UITNODIGING

Alle gemeentelede word hartlik uitgenooi na ons

Nagmaalsete

'n Bring-en-braai



WANNEER
Sondag 15 November

TYD
12h00

ELKEEN BRING SELF

- Eie vleis
- Drinkgoed
- Eetgerei
- 'n Slaai

DIAKONIE VOORSIEN

- Broodrolletjies
- Nagereg
- **Springkasteel vir die kinders**

Kom geniet die tafel van gemeenskap saam met mede-gelowiges.



Skandeer QR kode of klik op foto vir *Google* vorm vir kaartjies/inligting.



Ons vier die geboorte van Christus

29 November 2026

Erediens begin 9 uur!!

Bring 'n bordjie eetgoed en kuier lekker saam na die diens.

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

GK RIETVALLEI

UITREIKING

Baie dankie!

vir elke gawe wat reeds ontvang is

Julle mededeelsaamheid maak 'n werklike verskil vir PPK Kinderhuis en Ramotse Gemeente.



PPK Kinderhuis

BENODIG

- Toiletware
- Skryfbehoeftes

Ramotse Gemeente

BENODIG

- Olie
- Geblikte vis
- Rys

NOV
29

DAAR IS NOG GELEENTHEID

Plaas jou bydrae in die mandjies in die ingangsportaal, tot en met **Sondag 29 November**.

Saam deel ons uit wat ons self ontvang het.


Kom sing saam!
Gereformeerde Kerk Oos-Moot
Kinderhuis
Kerskonsert
DV Dinsdag 1 Desember 2026
vanaf 18:30
31ste Laan 728
Vir meer inligting, kontak Anculien: 073 155 0806


President Kruger Kinderhuis
RIETVLEI NATUURRESERVAAT
UITSTAPPIE
15 Desember 2026
Kospakkies
Safari nagrit
Aandete
Kampvuur kuier
• Help kos voorberei terwyl die kinders op die nagrit is
• Maak 'n donasie om die kostes te help dek
• Kom kuier saam met die kinders
Andrie van der Linde
083 632 4894
ABSA Bank: Diakonie
Takkode: 355645
Tjekrek. nr.: 40 5113 8620
Verwysing: PKK nagrit
Enige donasies sal opreg waardeer word
GEREFORMEERDE KERK
RIETVALLEI


VEG REG
11 & 12 Januarie 2027
Program: 08h00 tot 14h00
Vir 5 tot 13 jariges!
Gereformeerde Kerk Rietvallei
Geestelik:
Verdedig jou geloof!
Emosioneel:
Hanteer jou seer!
Fisies:
Staan jou man!
Sosiaal:
Werk en speel saam!
Kinders kan veilig op-en afgelaai word
• Hoe Veg ek reg as Christen?
• Hoe hanteer ek seer as gelowige?
• Hoe staan ek my man in gevaar?
• Hoe werk ek saam met ander?
Koste @ R100.00 per dag
(sluit middagete in)
Whatsapp: Elsa Stoker 083 501 5509



Nuus uit die kerkverband

GKSA-nuus:

Meelewing:

Met leedwese maak ons bekend dat ds TJ (Theunis) Potgieter, emerituspredikant van GK Port Elizabeth, op 2 November 2026 oorlede is. Ds Potgieter was die predikant van GK Burgersdorp 1987-1998, GK Bloemfontein-Noord 1998-2008, GK Port Elizabeth 2008 tot met sy emeritering in 2022.

Kerklike Administrasie:

Beroepe bedank:

† Prof AJ (Albert) Coetsee van die TSP na GK Centurion as medeleraar.

† Ds SB (Barend) van der Westhuizen van GK Ermelo na GK Bloemburg.

Emeritering:

Ds Piet Venter, predikant van GK Potchefstroom-Oos, lewer op Sondag 8 November 2026 sy afskeidspreek waarna hy sy emeritaat aanvaar.

Nagmaal Tafelplan



Nagmaal Tafelplan

